

DISSCIPLINE EN MY VERHOUDING MET MY KIND

Julian Müller

Dissipline kan net soveel 'n seën as 'n vloek wees. Dissipline is nie net 'n positiewe woord nie. Dit kan sekerheid gee, maar dit kan ook dood wurg.

Dissipline bestaan nie op sigself nie. Dit is altyd deel van 'n bepaalde verhouding. Dit kan die uitdrukking wees van 'n gesonde verhouding tussen 'n ouer en 'n kind, of dit kan die oortjies van die seekoei wees wat net vertel van 'n kolosale probleem wat onderliggend is. Die verhouding kom eerste en dan volg die dissipline. 'n Goeie verhouding kan nie vernietig word deur 'n paar foute wat met dissipline gemaak word nie en net so min kan 'n swak verhouding reg gedokter word met dissipline.

Die verhouding met 'n mens se kind word gebou van die dag van geboorte af. Die eerste ervaring van menswees is traumaties omdat die kind uit die beskerming van die baarmoeder in die vreemde en bedreigende groot wêreld ingewerp word. Gewoonlik is die eerste gerusstellende aanraking en woordjies van vertroosting van die ouers afkomstig. Dáár word die grondslae gelê van 'n verhouding. As 'n kindjie gelukkig is, bevind sy of hy haarself/homself in 'n veilige omgewing waar die primêre versorgers liefdevol en beskermend is.

Op daardie stadium is daar nog geen behoefte aan dissipline nie, want die klein baba het nog geen wil tot oortreding nie. Daar is net een oorheersende begeerte en dit is om behoeftes te bevredig. Klein kindjies huil nie en is nie lastig omdat hulle "stout" is nie, maar bloot omdat hulle behoeftes het wat bevredig moet word. Die ontwikkelingsielkundige, Erikson, help ons om te verstaan dat as aan so 'n klein babatjie se eenvoudige behoeftes aan versorging en liefde, voldoen word, ontwikkel daar 'n basiese vertrouwe en die vermoë om te hoop op die toekoms. 'n Bietjie later wanneer die outjie die kleuter- en speelstadium bereik, het hy of sy die taak om die wêreld te verken en te ontdek. Dit is hier waar die ouers besluite moet neem oor hoeveel ruimte gegee moet word en hoeveel beskerming. Die eerste beperkende maatreëls het nie te doen met "stoutigheid" nie, maar met die hoeveelheid ruimte wat nodig en goed is vir 'n klein kindjie om die lewe te ontdek.

In daardie vroeë jare word die basis gelê vir 'n verhouding waarin 'n balans gevind kan word tussen vryheid en gebondenheid. En dit is waaroor dissipline gaan. Dit gaan oor die uitoefening van liefde op so 'n wyse dat dit die moontlikheid vir die kind skep om te kan ontwikkel tot 'n gesonde volwassene.

Ongelukkig is dissipline soms 'n manier waarmee die ouers hulle eie wil op dié van die kind wil afdwing, in plaas daarvan dat dit 'n manier is om die kind se eie wil te laat ontwikkel tot 'n konstruktiewe deug. Goeie dissipline is nie om inisiatief te demp nie, maar om dit aan te moedig en tegelyk die sekerheid te verskaf waarin hierdie kreatiwiteit kan ontwikkel.

Dissipline wat in belang is van reëls en wette is nie in belang van die kind nie. Daarom behels gesonde dissipline, wat ter wille van die kind is, ook die vermoë om aan te pas en reëls te wysig. Rigiede en onbuigbare reëls moenie met dissipline verwar word nie. Dissipline moet ook nie met straf verwar word nie. Dissipline is moontlik sonder straf. Wanneer daar 'n gesonde verhouding van wedersydse vertroue bestaan, kan 'n eenvoudige gesprek 'n vorm van dissipline wees. Die ouer gee aan die kind die geleentheid om hom of haarself te meet aan 'n norm wat uitgeleef word. Goeie dissipline help die kind om hom of haarself te korrigeer. Dit kan net gebeur in 'n situasie van liefde en vertroue. En as dit so gebeur, maak ouers nie kinders moedeloos met onbuigsame reëls en foutvindery nie (vergelyk Kol. 3:21).

Dit is gewoonlik tydens die tienerjare van kinders dat ouers desperaat raak oor dissipline. Navorsing het getoon dat ouers se gevoel van eie waarde en sukses as ouers, gedurende hierdie stormagtige jare 'n laagtepunt bereik. Wanneer kinders klein is, is dit maklik om hulle te beheer en die ouers het die ervaring dat hulle suksesvolle ouers is. Dit is egter deel van die tienerjare dat die jong adolessent grense toets en eksperimenteer met die onbekende ten einde eie identiteit te vind. Dit bring baie ouers in 'n bestaanskrisis want dit voel vir hulle asof alles wat hulle aan die kind probeer oordra het, verwerp word. Hulle voel soos groot mislukkings wat nooit kinders moes gehad het nie!

Ouers wat reeds van vroeg af 'n oop en liefdevolle vertrouensverhouding gevestig het, kry dit tog reg om in hierdie moeilike tyd van ouer-kind-verhoudinge koers aan te dui sonder om die kind moedeloos te maak. Dit beteken nie dat daar geen konflik sal wees nie. Kinders gaan soms te ver in hulle toets van die grense en ouers maak foute in hulle poging om te beskerm. Maar as daar genoeg aanpasbaarheid by nuwe omstandighede is en dissipline ingespan word ter wille van die kind en nie ter wille van die in stand hou

van reëls en familietradisies nie, kan mens maar moed hou en verwag dat die kind sy of haar eie norme sal ontwikkel wat aanvaarbaar vir die ouers sal wees.

Dissipline gaan nie om die oordra van onveranderbare wette en reëls van een geslag na 'n ander nie. Dit gaan oor die bemagtiging van kinders om hulle eie norme te ontdek en te vestig. Gesonde ouerskap is nie geïnteresseerd in kloning nie, maar in fasilitering. Ons as ouers wil tog nie kinders na ons gelykenis hê wat presies soos ons is en doen nie. Ons wil kinders die wêreld instuur wat selfstandig is met 'n gevoel van eie waarde en in staat om verantwoordelik met norme om te gaan.